# KOMMUNIKAMMA 29 NOVEMBER 2026

Ons besoek op versoek. Kontak asb. met groot vrymoedigheid met ons indien jy enige versoeke of vrae het.

Niekie Oosthuizen in die kerkkantoor: 082 561 8747; 041 360 1484; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za
**Neem asb. kennis dat die kerkkantoor tye van Maandag tot Vrydag vanaf 08:00 tot 12:00 is.**
Ds. MG van Rooyen: 083 413 7100; mg@ngkraggakamma.co.za
Ds. Toit Wessels: 084 240 2916; toit@ngkraggakamma.co.za

**WHATSAPP GEMEENTE KOMMUNIKASIE**

Om op hoogte te bly van gemeentenuus, nooi ons jou uit om by die WhatsApp groep van die gemeente aan te sluit. Slegs die Administrasie van die groep sal boodskappe kan laai. Neem asb. kennis dat, indien jy by die groep aansluit, ander persone op die groep, soos by enige ander WhatsApp groep, jou kontakbesonderhede sal kan sien. Indien jy by die groep aansluit, gee jy toestemming daartoe.
Kontak asb. vir Niekie indien julle enige navraag het.
Volg die skakel om aan te sluit by die WhatsApp groep
of skandeer die QR kode met jou foon
https://chat.whatsapp.com/F4wky8GcVp6I9T2ilwCvAu?mode=gi_t

**PROGRAM VIR DIE WEEK:**

**Sondag 29 November**
**09:00 GESAMENTLIKE KERSSANGDIENS**

**Skriflesing:** Verskeie Skrifgedeeltes
**Tema:** Waar die Here is, is daar lof!

**Maandag 30 November**
**09:30 KERSSANGDIENS BY KRAGGA KAMMA UITSPANNING**

**12:45 GEBEDSKILD**
Gemeente gebedsgeleentheid in gebedslokaal. Almal is welkom.

**Dinsdag 1 Desember**
**10:00 KERSSANGDIENS BY STELLA LONDT**
**TIENER STAPTOER BEGIN**

**Woensdag 2 Desember**
**09:00 DIENS BY CP BRADFIELD**

**Vrydag 4 Desember**
**05:00 MANNEGROEP**
Indien jy wil deel word van die groep, kontak Frans Stapelberg (082 773 6205) vir meer besonderhede.

**Sondag 6 Desember**
**09:00 GESAMENTLIKE EREDIENS**

**EREDIENSTYE**
Daar sal tot 10 Januarie 2027 net een gesamentlike erediens om 09:00 in die oggend wees.

**GEBEDSAKE:**

- Betsie Bergsman se herstel na ‘n groot operasie.
- Zalita le Roux wat behandeling kry.
- Gerida van der Merwe is kankervry. Sy moet nog 2 rondtes behandeling kry.
- Martin en Erna Venter se seun is siek.
- Die reuse proses van die merk van matriek antwoordstelle.
- Die 59 Tieners en groot groep mentors wat van Dinsdag af op staptoer gaan
- Die leerders en studente op vakansie. Die Kersvakansie wat voorlê.
- Gemeentes, ook hier in ons stad, wat groot uitdagings ervaar.
- Koalisie gesprekke en prosesse wat volg na die Munisipale verkiesing. Dat leiers sal kies vir vrede en diensbaarheid en die belange van die inwoners van die land bo eiebelang sal plaas.
- ‘n Einde aan geweld, oorloë en konflik oor die hele wêreld.

**THERE4 BEDIENINGE GEBEDSVERSOEK**

Bid saam met gelowiges in **Bo-Egipte** vir veiligheid vir hulle families, beskerming op die paaie waarop kinders reis, en vryheid om te aanbid en kerke te herbou. Bid saam met bekeerlinge uit 'n Moslem-agtergrond vir moed, wysheid en die stille ondersteuning van medegelowiges terwyl hulle die swaarste las dra.

**FEBA RADIO GEBEDSVERSOEK**

Sedert 2021 reël FEBC Thailand die “Give with Love” Kersveldtog, en dit groei elke jaar. FEBC werk saam met kerke en vrywilligers in alle provinsies om byeenkomste te hou waar minderbevoorregte kinders geskenke ontvang en saam met hul ouers van die ware Geskenk leer. In 2025 het die veldtog meer as 18 000 mense na Christus gelei! Bid vir die organiseerders en vra dat die Here FEBC Thailand se “Give with Love” veldtog vanjaar met nog meer oorvloedige vrug sal seën.

**TIENER STAPTOER (1 Groot voertuig benodig)**

Van 1-3 Desember gaan Kraggakamma, Sherwood en Lorraine gemeentes met 20 kinders elk op ‘n staptoer. Ons gebruik Eersterivier as basis. Ds Toit is opsoek na 1 voertuig (verkieslik een wat meer as 4 kinders kan vervoer) wat hy kan “leen” vir die staptoer. Die mentors wat saamgaan vervoer self almal die kinders en soos vorige jare maak ons gebruik van baie klein bussies of groot voertuie. Kontak Ds Toit gerus vir meer inligting.

**NUWE LIDMATE**

Ons wil graag ons nuwe lidmate ontmoet. Daar is in die voorportaal ‘n groen kontakkaart wat julle kan voltooi, waarna ons met julle in verbinding sal tree. Jul kan ook na ons webblad, www.ngkraggakamma.co.za gaan. Druk op “Kontak ons” reg onder die gemeente logo. Vul die “Nuwe intrekkers” vorm in en e-pos dit na die kerkkantoor.

**PE NOORD EN ALGOA GEMEENSKAPSKERK – VOEDSELHULP-PROJEK**

Indien jy wil help, kan skenking op Sondae in die voorportaal en Maandae en Woensdae by die kerkkantoor ingegee word. Finansiële bydraes kan in die gemeente se rekening inbetaal word. Dui asb. aan dat dit vir voedselhulp gaan.
PE Noord soek ‘n klererak waaraan klere in hul 2de handse winkel opgehang kan word.
Hulle benodig ook 2L en 5L roomys bakke wat hul gebruik om die sop vir die sopkombuis te vries. Enige hulp sal waardeer word.

**UITNODIGING OM DEEL TE WORD VAN DIE GEMEENTE SE SANG EN MUSIEKBEDIENING**

Ons versoek almal wat die gawe van sang of musiekmaak het om saam te kom dien. Kontak asb. met een van die bandleiers of met ons orrelis, Gustel. (Gustel Agenbag - 082 899 3804; Frans Krause - 083 452 6396 of Jannie Peens – 082 563 2457)
Oudisies sal gedoen word.

**VEREMARK-ORRELVERENING SE KERSKONSERT**

Die Veremark-orrelvereniging bied sy jaarlikse groot Kerskonsert aan in die Veremarksentrum op **SONDAG 6 DESEMBER om 15:00** ten bate van die EP CHILDREN'S AND YOUTH CARE CENTRE. Toegang R60 of R50 vir pensioenarisse. Veilige parkering voor die Stadsaal. Navrae: Prof Albert Troskie. 082 726 9595.

**VERJAARSDAE VIR DIE WEEK**

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

| | |
|---|---|
| 29 November | Annemarie Botha, Reuben Jordaan, Meiring Naudé, Martin Pretorius en Cindy Ross |
| 30 November | Francois Beneke, Suzanne van Niekerk en Reegan van der Merwe |
| 1 Desember | Heine Coetzer, Jan Loftie-Eaton, Yvonne Moore, Ruan Muller en Dewald Pretorius |
| 2 Desember | Nickey de Swart, Reitz Nel |
| 3 Desember | Marius Alberts, Tina Keyser, Elize Kitching en Jani van Heerden |
| 4 Desember | Sam Herman, Heleen Lombard, Eduan Meyer, Christo Nortje, Burger Oosthuizen, Linke Reed en Anneli van Heerden |
| 5 Desember | Bianca Burger, Malan Smith, Jaco Steyn en Bianca van Rooyen |

**PERSONEEL DESEMBER EN JANUARIE VERLOFREËLINGS**

Neem asb. kennis dat die kerkkantoor vanaf 17 Desember tot 3 Januarie gesluit is. In geval van nood kan die predikant aan diens gekontak word.

Ds MG van Rooyen is met verlof van 28 Desember - 12 Januarie

Ds Toit Wessels is met verlof van 7-27 Desember

Niekie Oosthuizen is met verlof van 17 - 31 Desember

Ryno Muller is met verlof van 28 - 30 Desember en 4 - 31 Januarie

**VOORPORTAAL KERSBOOM PROJEK.**

In die voorportaal staan twee kersbome waar jy kan gee uit dankbaarheid. Aan die een boom hang daar kaartjies. Dit is deel van 'n "Back to School" fondsinsameling met die oog op die 2027 skooljaar. Ons doen dit spesifiek vir die kinders van MTR Smit. Indien daar te veel items vir MTR Kinderoord is, gaan ons van die items vir van ons ander getuienisaksies skenk. Neem 'n kaartjie per persoon of per gesin en bring daardie items saam kerk toe of kom gee dit in by die kerkkantoor.

Aan die ander 'wit' boom hang daar 12 kaartjies wat spesifieke geskenke vir mense by Forever Family Homes behels. Neem gerus 'n kaartjie indien jy vir een van die inwoners daar 'n geskenk wil koop.

Neem asb. kennis dat indien jy 'n kaartjie vat jy asb. daardie item/geskenk moet bring. Indien jy nie daarby gaan uitkom nie, vra ons dat jy asb. die kaartjie weer aan die boom kom hang. Wanneer jy iets vir MTR Smit skenk, bring ook die kaartjie terug sodat dit weer aan die boom teruggesit kan word. Kontant bydraes kan by die kerkkantoor inbetaal word maar moet net duidelik aandui dat dit vir MTR Smit kersboom gaan.

Vir enige navrae kontak: Mari Grobler (074 142 2272) of Renette Nell (072 110 1042)

**TIENDEMAAND DANKOFFER**

Hierdie jaar nooi ons almal uit om vandag jou tiendemaand dankoffer te gee. Kom ons, as God se fontein van liefde, dien saam - dankbaar, blymoedig en tot eer van die Here!
Ons begroot hierdie jaar vir R410 000 Tiendemaand dankoffer. **Ons dank die Here vir R 438 446.82 wat reeds ontvang is!** Ons wil graag die insameling teen einde November afsluit. Dankie vir jou dankbare diens, harde werk en bydraes deur die jaar.

**DANKOFFER**

Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae wat ons maandeliks ontvang. Dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening of deur middel van Snapscan betaal word.
Die kerk se bankbesonderhede is:
NG Kraggakamma
Absa Tjekrek 1400590091,
Takkode 632005
**Hierdie besonderhede is ook op 'n visitekaartjie in die voorportaal beskikbaar. Neem asb. vir jou 'n kaartjie.**

